R6.50
(BTW ingesluit)
●●●●●
SATERDAG
18 OKTOBER 2008
Vier-en-negentigste jaargang
Heerengracht 40 Kaapstad

DIE BURGER

2010
MODISE MAAK 'N KRAAK
→Nuus/3

→Binne

REKORDS SPAT
TWAALF TON VIR TENDULKAR
→Nuus/32

>> DIE MÓÉT jy lees 4

nuus

ANC-WEGBREKERS WOEL
Die stigters van 'n nuwe party gaan glo dié naweek ondergrondse strukture van stapel stuur op 'n plaas naby Oos-Londen.
→NUUS/2

TAFELBERG MEUBELS
Die grootste keuse is ons keuse!
ALTYD 'N BETER TRANSAKSIE!
021 944 3330

nuus

TOLPAD OP N2 GAAN VOORT
Vertoë uit die Overberg aan die SA Padagentskap om nie met 'n tolpad vanaf Botrivier na Kaapstad voort te gaan nie, het misluk.
→NUUS/3

forum

'N NUWE FASE VAN VRYHEID
Die Wes-Kaapse ANC staan voor sy grootste krisis tot nog toe nadat tien ampsdraers vandeesweek saam bedank het.
→NUUS/15

sake

PETROLPRYS DALK TÓG LAER
Ekonome meen daar is steeds 'n goeie kans op 'n daling van sowat 30c per liter in die petrolprys in November.
→SAKE24/1

die weer

13 °C
22 °C
GEORGE: Sonnig en koel.
→ WEERGIDS/4

OM IN TE TEKEN:
SMS die woord INTEKEN en jou adres na 31069. (50c per SMS)

HERRIE OOR SPRINGBOK

'n Eer, sê Luke in '06

Verteenwoordig 'n nasie, sê Watson tóé oor Bok-embleem

COBUS CLAASSEN
Johannesburg

Luke Watson, wat "homself moes keer om nie op sy Springboktrui op te gooi nie", het twee jaar gelede verkondig dit sal 'n "reuse-eer" wees om vir die Bokke te speel.

'n Onderhoud met Watson wat in September 2006 in *Sports Illustrated* verskyn het, was gister 'n warm besprekingspunt op dié sporttydskrif se webblad.

Dié omstrede losvoorspeler se destydse kommentaar oor die Bok-embleem is in skrille kontras met wat hy vroeër vandeesmaand as gasspreker by 'n rugbyfees in Kaapstad kwytgeraak het.

Watson het toe sy mond uitgespoel oor die kil ontvangs wat hy gekry het toe hy verlede seisoen danksy politieke inmenging in die Springbokspan ingesluit is vir die toets teen Samoa op Ellispark.

'n Herrie het losgebars nadat sy opgooi-uitlatings in die media op die lappe gekom het.

Volgens 'n transkripsie van Watson se toespraak op 3 Oktober was dit nooit sy begeerte om vir die Springbokke te speel nie.

"Nee, dit was nooit my droom nie, maar ek het dié las met die grootste trots en bevrediging gekies met die wete dat my pa, Cheeky Watson, sy lewe daarvoor opgeoffer het."

'n Transkripsie van sy *Sports Illustrated*-onderhoud vertel 'n heel ander storie. Hy het daarin gesê:

- "Om vir die Bokke te speel, sal 'n reuse-eer wees. Dit (die Springbok) het die potensiaal om een van die magtigste embleme ter wêreld te word. Dit verteenwoordig gelykheid, eenheid en 'n eens verdeelde nasie wat nou saamstaan."
- "Die Springbok verteenwoordig in 'n demokratiese Suid-Afrika meer as net 15 rugbyspelers. Dit verteenwoordig 'n nasie."
- "Dit verteenwoordig mense met verskillende kulture; voormalige vyande wat versoen het en nou 'n alliansie vorm."
- "Ons het toegelaat dat ons fokus verloor oor waaroor die Springbok werklik gaan. Die Bok het as 'n embleem ontwikkel en is nou moontlik op sy magtigste, maar ons sien dit nie."
- "Ons het die potensiaal om die hele nasie agter die embleem te verenig, maar dit het nog nie gebeur nie weens kleinlikheid en agendas."

■ Nog 'n berig op bl. 2. Lees ook Dawie op bl. 14.

'n Groot trekpleister

Me. Manon Ossevoort (32), ook bekend as die Trekkervrou, het gister op haar groen trekker in Kaapstad aangekom. Sy het meer as drie jaar gelede op haar trekker uit Nederland vertrek en het gister omtrent motoriste se aandag getrek toe sy deur Paardeneiland gery het. Ossevoort gaan ongeveer 'n jaar in die Kaap deurbring, waarna sy na die Suidpool wil gaan om die duisende drome wat sy langs die pad versamel het, in 'n sneeuman se maag te sit. Foto: MATTHEW JORDAAN

Vermoorde man wou 'oulike werker' 'n bonus gee

TISHA STEYN
George

Die man wat vroeër vandeesweek op 'n plaas naby Hoekwil vermoor is, was van plan om die "oulike werker" wat hom so mooi gehelp het 'n bonus te gee.

Mnr. Barry Killeen (69) van Denneoord se lyk is Woensdag in 'n plaashuis in die Woodville-gebied gevind. Hy is vermoedelik vermoor deur die man wat hy Maandag langs die straat opgelaai het om hom te help met onderhoudswerk aan die huis.

Mnr. Petrus Grobler, VF+-raadslid, lid van die burgemeesterskomitee en jare lange vriend van die oorledene en sy vrou, Valerie, was gister baie geskok oor die moord. "Ek het vanoggend in *Die Burger* gelees van die moord. My nommer is op Barry se gesteelde foon en Valerie kon my nie bel nie," het hy gister geskok vertel.

"Dit is so ironies dat so 'n dierbare mens wat so hardwerkend en vol lewenskrag was so wreed moes sterf.

"Valerie sê hy was so opgewonde oor die nuwe werker. Hy het nog vir haar gesê hy het lank laas so 'n ordentlike mens gekry om saam met hom te werk.

"Omdat die werker so goed gewerk het, sou hy gouer met die onderhoudswerk kon klaarmaak en sou hy vir die man 'n bonus gee."

Volgens Grobler is 'n projek onderweg wat werklose mense van die strate af sal haal. "Hulle sal geregistreer word en as iemand 'n werker met 'n spesialisvaardigheid nodig het, sal die databasis geraadpleeg word. Dit sal hopelik voorvalle soos dié voorkom."

Die burgemeester, mnr. Flip de Swardt, het mev. Killeen gister besoek, maar sy was nog te geskok om met die media te praat.

Volgens mnr. Ntobeko Mangqwengqwe van die polisie in die Suid-Kaap is niemand nog in hegtenis geneem nie.

"Alle moontlike leidrade word opgevolg. Enigiemand met inligting aangaande die voorval word versoek om die ondersoekbeampte, insp. Klippies Theron, by ☎ 044 803 4400 te bel.

Die nadoodse ondersoek is reeds gedoen, maar in hierdie stadium kan geen besonderhede bekend gemaak word nie.

Orania wil vrou uitskop oor 'saamblyery, gevloek'

JANA ENGELBRECHT
Orania

'n Inwoner (18) van dié dorp het 'n brief van die dorpsraad gekry dat sy die dorp moet verlaat omdat sy nie die reëls nakom nie.

Van die redes is glo dat sy by haar verloofde (29) woon en dat sy glo vloek.

Intussen het me. Lezaan Pretorius (18) 'n saak van aanranding teen haar voormalige werkgewer op die dorp aanhangig gemaak. Sy meen dit is die rede hoekom sy uit die dorp gejaag word.

"Die man het my aan my arm gegryp en buite toe geruk. Ek het nie die volgende dag teruggegaan nie. Ek gaan nie die kans waag om weer rondgepluk te word nie."

Pretorius het gesê sy en haar verloofde beplan om einde Januarie te trou.

"Ek het Donderdag 'n brief van die dorpsraad ontvang dat ek twee weke het om uit die dorp te trek. Volgens die brief het ek drie maande verblyfreg gehad, maar het ek nie die reëls nagekom nie. Ek het nêrens anders om te woon nie. Daar is nie behuising in Orania nie, so wat moet ek doen?"

Die dorpsraad het Donderdagmiddag vergader en besluit dat Pretorius 'n reg op appèl het.

"Ek kan nou appelleer en redes aanvoer hoekom ek hier wil bly. Ek het nou nie meer werk nie en gaan steeds by my verloofde bly.

"Die polisie het vir my gesê dit is my adres en dit is waar hulle my gaan kom soek."

Sy het gesê haar verloofde is baie ongelukkig oor die voorval.

"Die mense gun niemand 'n plekkie in die son nie. Ek het ook glad nie slegte taal gebruik nie."

Mnr. Kobus van der Merwe, die dorpsbestuurder, het verduidelik dat die dorp 'n bepaalde etos het.

"Pretorius het nie ooreenkomstig dié etos opgetree nie. Ons het reëls en reëls bring orde. Sy het 'n argument met haar werkgewer gehad, maar dit gaan eerder oor haar taalgebruik. Ons kan ons nie uitspreek oor wat tussen haar en haar werkgewer gebeur het nie."

Van der Merwe het gesê dit lyk nie of Pretorius aanpas in Orania nie. "Met die keuring onderteken alle inwoners 'n onderneming dat hulle die dorp se etos sal ondersteun en daarvolgens sal lewe."

M Sec Gebou
4 Boltonstraat
By Louis Fourieweg
Voorbaai, Mosselbaai
KLAUS: 073 688 8300

CIT MOTORCYCLES

TEL: 086 1111 199
044 695 1323
044 695 1329
044 695 1373
FAKS: 044 695 1365

20% Afslag vir almal wat die advertensie saambring met die koop van enige van die produkte!*
*Slegs geldig tot 31 Oktober 2008

"Offroad" Stewels
Kinders Vanaf R1 400
Tieners Vanaf R1 500
Dames Vanaf R1 800
Mans Vanaf R1 900

Pad-rystewels
Dames Vanaf R750
Mans Vanaf R750

Leer Baadjies
Dames Vanaf R1 300
Mans Vanaf R1 300

"Chaps"
Vanaf R950
Onderbaadjies
Vanaf R450

Pad-valhelms
vanaf R700

Borskas Beskermers
Kinders Vanaf R550
Mans Vanaf R880
Dames Vanaf R850

Dare Baadjies
Vanaf R600

Leer Broeke
Dames Vanaf R950
Mans Vanaf R950

Ikon Baadjies
Dames Vanaf R1 800
Mans Vanaf R1 850

"Offroad" Uitrusting
Vanaf R650

Thor "Offroad" Valhelms
Vanaf R2 800*
M2R "Offroad" Valhelms
Vanaf R1 500 *
*Beperkte Voorraad

HONDA Kawasaki SUZUKI SEADOO YAMAHA thor FLY NITRO NEXO KTM